Bybel-Media Nuusbrief 4/2018

Lees in die *Kerkbode* van 2 Maart …

KERKBODE

Water is 'n seën wat die boere deel

… waarom die boere van Grabouw se skenking van water aan Kaapstad 'n geloofstap was. Lees ook hoe lidmate, 'n gemeente en 'n middestadbediening saamwerk om van die herwinning van huishoudelike afval 'n sukses te maak.

Daar is 'n verhaal oor twee Malawiërs wat deur gelowiges in Suid-Afrika gehelp is en wat nou 'n groot verskil in hulle eie land maak, en nog 'n verhaal oor 'n inisiatief van Toekomsvenster om jong mense op te lei.

Lees oor 'n liturgiekonferensie, oor die teologiese dae op Stellenbosch en in Bloemfontein, oor die komende #imagine-jeugfeeste en oor 'n voetsoolsinode van die Oostelike Sinode.

Daarby is daar nog 'n bespreking van 'n aangrypende skildery, en heelwat meer.

Jongste Bybelkor-publikasies:

Vind jou hoed – Gespreksgids

Verskillend en uiteenlopend, maar kleurvol. In hierdie 7-week-ontdekkingsreis kyk ons na die kleurryke prentjie wat uiteenlopende lidmate saam vorm. Ons as gelowiges dra hoede van alle kleure – pers, blou, geel, groen en rooi – maar elk van hierdie "kleure" is 'n geskenk aan die gemeenskap van gelowiges.

Geniet dit om jou unieke gawe of kombinasie van gawes te ontdek en 'n bruikbare instrument in God se hand te word.

Prys: **R 110,00** (BTW en posgeld ingesluit in RSA). Reeds beskikbaar.

Vind jou hoed – Leiersgids

In hierdie 7-week-ontdekkingsreis kyk ons na die kleurryke prentjie wat uiteenlopende lidmate saam vorm. Hierdie leiersgids bevat agtergrondinligting en riglyne vir gemeenteleiers en groepleiers om lidmate te begelei op 'n ontdekkingstog om hulle spesifieke gawe of kombinasie van gawes te vind.

Prys: **R 50,00** (BTW en posgeld ingesluit in RSA). Reeds beskikbaar.

Flam-musiek

Brandstof 5

Brandstof 5 is ‘n DVD met die musiek en woorde van lofprysing- en aanbiddingsliedere wat

as twee 10 minute praise- en worship-belewenisse aangebied word. Al die liedere is Flam- of Liedboekliedere.

Prys: **R50,00** (BTW en posgeld ingesluit in RSA). Reeds beskikbaar.

BM-Cordis Trust-toekennings

Mediaverklaring **21 Februarie 2018**

Wenners van Bybel-Media-Cordis Trust-pryse 2018

Dit is met groot dankbaarheid dat Bybel-Media, in samewerking met Cordis Trust, die pryswenners in twee verskillende kategorieë kan bekendmaak.

[Cordis Trust maak dit vir Bybel-Media moontlik om pryswenners aan te wys in twee kategorieë – soos hieronder volledig uit een gesit is. Drie onafhanklike beoordelaars wys die wenner in die eerste kategorie aan.]

1. Bybel-Media-Cordis Trust-prys vir oorspronklike, Afrikaanse Christelike familie- en/of jeugpublikasie …

2018-wenner: *Leeg – God se troos na swangerskapverlies of miskraam*

Skrywers: **Marlena du Toit, Braam Klopper en Justine Pike**

Uitgewer: **Lux Verbi**

2. Bybel-Media-Cordis Trust-pryse vir bydrae tot spesiale projek(te) met ‘n Bybel-Media verbintenis… met deerniswerk, woordkuns en geestelike groei as vernaamste kriteria.

2018-wenners: **Ds Jaco Strydom** – medewerker in *Kerkbode*-artikels (Echo-Jeugbediening.

én **me Stefné van Dyk** – medewerker in *LiG*-artikel (Hande-vat musiekprojek).

Die pryswenners ontvang elk ‘n oorkonde en geldprys by ‘n latere geleentheid – wat binnekort bevestig sal word.

Inligting, navrae en diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: bybelmedia.org.za , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Groete vanuit Wellington.

Hans Steyn

Bybel-Media